

DIE WARE KOSTE OM JESUS TE VOLG

- 1 Noord-Korea
- 2 Somalië
- 3 Jemen
- 4 Eritrea
- 5 Libië
- 6 Nigerië
- 7 Pakistan
- 8 Iran
- 9 Afganistan
- 10 Soedan
- 11 Indië
- 12 Sirië
- 13 Saoedi-Arabië
- 14 Mianmar
- 15 Maledive
- 16 China
- 17 Mali
- 18 Irak
- 19 Algerië
- 20 Mauritanië
- 21 Oesbekistan
- 22 Colombië
- 23 Burkina Faso
- 24 Sentraal-Afrikaanse Rep.
- 25 Viëtnam

- 26 Turkmenistan
- 27 Kuba
- 28 Niger
- 29 Marokko
- 30 Bangladesj
- 31 Laos
- 32 Mosambiek
- 33 Indonesië
- 34 Katar
- 35 Egipte
- 36 Tunisië
- 37 Kongo DR (DRK)
- 38 Mexiko
- 39 Ethiopië
- 40 Bhoetan
- 41 Turkye
- 42 Comore
- 43 Maleisië
- 44 Tadjikistan
- 45 Kameroen
- 46 Broenei
- 47 Oman
- 48 Kasakstan
- 49 Jordanië
- 50 Nicaragua



VLAKKE VAN VERVOLGING

BAIE HOË
61-80%

UITERMATIGE
81-100%

HOEKOM ONS BID

Soms is gebed ons enigste opsie. Vir sommige klink dit dalk nie na veel nie, tog is gebed een van die kragtige aksies wat h Christen kan uitoefen. Deur gebed tree ons nie net in vir ander nie, maar beweeg ons nader aan God en kan ons Hom ons lof bring. Dit is hoe God ons en ander se harte verander.

So maak gebruik van hierdie gebedskaart om by ons vervolgte familie regoor die wêreld in gebed aan te sluit. Dank God vir die werk wat Hy in die top 50 lande verrig en bid vir die geestelike groei van ons geloofsfamilie. Bid dat hulle in van die donkerste plekke vir Christene kan aanhou om die sout en lig te wees.

Besoek www.OpenDoors.org.za vir meer inligting oor Christen-vervolging.



Vir interaktiewe kaart.



“God wil ons gebruik om Sy doelwitte te bereik, en wat ’n voorreg en verantwoordelikheid is dit nie! Kom ons gaan op ons knieë en bid. Mag God ons gebede gebruik om die geskiedenis se verloop in dié nasies te verander – ter wille van Sy volk en tot Sy eer!”

Broer Andrew, Geopende Deure-stigter

BID

ASIË

Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme is die drie grootste nie-Christelike geloofsoortuigings in Asië. Talle hier volg Christus in die geheim. In sommige lande ervaar gelowiges bedreigings van godsdienstige ekstremistiese groepe en selfs die regering. Hulle ervaar ook gewelddadige teenkating van hul eie families en gemeenskappe. Prys God dat Sy Kerk in dié streek voortgaan om te groei, ten spyte van die vervolging. Bid dat meer ongelowiges tot bekering sal kom.

AFRIKA

Die vervolgte Kerk in Afrika is tot h groot mate die onwortelde Kerk, aangesien miljoene gelowiges van geweld gevlug het. Ontworteling het gebiede van hul Christelike teenwoordigheid ontnem en onworteltes aan verdere uitbuiting en trauma blootgestel. Intussen gaan jihadistiese optrede voort om die eens verenigde Moslem- en Christelike gemeenskappe te verdeel. Prys God vir ons familie, wat alles waag om Hom te dien. Bid dat Hy diegene wat ter wille van Sy naam verlies verduur het, sal vertroos en vir hulle sal voorsien.

LATYNS-AMERIKA

In Latyns-Amerika, veral in inheemse gemeenskappe, word Christene vervolgd omdat hulle Jesus volg. In dié gemeenskappe word hulle toegang tot noodsaaklikhede geweier, tot arbeid gedwing, in die tronk gestop of uit die gemeenskap geskop. Ongelukkig beskik hulle nie oor die nodige hulpbronne of kennis om die ongeregtighede te beveg nie. Prys God dat Christene ten spyte hiervan aanhou om die waarheid te volg. Bid vir God se voorsiening in alles wat hulle vir hul geloof in die gesig staar.

ARABIESE SKIEREILAND

Die Arabiese Skiereiland is die wieg van Islam. In talle lande hier het daar vir h geruime tyd geen Christengroepe bestaan nie. Tans funksioneer daar h opkomende Kerk en talle soek na die waarheid. Prys God vir wat Hy in die streek doen. Bid dat die Liggaam van Christus in krag en getalle sal groei om h lig te midde van die duisternis te wees.

MIDDE-OOSTE

Vervolging, oorloë, onworteling en h ekonomiese krisis het Christelike gemeenskappe in Sirië en Irak uiters kwesbaar gelaat. Die Kerk het gekrimp as gevolg van Islamitiese vervolging, wat talle gedwing het om uit hul huise te vlug – h element wat steeds vir gelowiges h bedreiging bly. Prys God vir diegene wat in die streek oorgebly het. Bid dat God ons familie sal ophef sodat hulle kan voortgaan om tot eer van God tot die Midde-Oosterse samelewing by te dra.

Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) word elke jaar in Januarie bekendgestel en bestaan uit die top 50 lande waar Christene die ergste vervolging ervaar. Vervolging word gedefinieer as enige vyandigheid wat h mens weens jou identifisering met Christus ervaar. Die WWL neem alle sferes van die lewe en gewelddadige insidente in ag. Die metodes waarvolgens elke land se telling en transnasionale vergelyking bepaal word, asook die behoorlike toepassing daarvan in sommige steekproeflande, word onafhanklik deur die Internasionale Instituut vir Godsdiensvryheid (IIRF) geoid. Bykomende verklarings, dokumente of interpretasies deur Geopende Deure, wat gebaseer is op of geassosieer word met die publikasie van die WWL, bly buite die bestek van hierdie ouditverklaring. Verslagdoeningstydperk: 1 Oktober 2021 – 30 September 2022.